

Vrydag 21 April

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 14:1-19

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 14:1, 5, 9

Eerder profesie (prediking) as spreek in tale (sg. glossolalie)

In Paulus se brief aan die Korintiërs gee hy in hoofstukke 12 – 14 besonderlik aandag aan die geestesgawes (bekend as charismata), en in hoofstuk 12:10 noem hy naas vele ander ook die gawe om in tale te spreek (bekend as glossolalie).

In hoofstuk 14 maak hy dit duidelik dat, hoewel die verskynsel om in tale te spreek in Korinte voorgekom het, dit nie regtig nut het ten opsigte van die onderrig en opbou van die kerk nie. Daar is geen voorskrif of opdrag van die apostel dat daar in die kerk ruimte gemaak moet word vir hierdie verskynsel om in tale te spreek nie, wat niemand anders in elk geval kan verstaan nie, en geensins bydra tot die voordeel en opbou van die kerk nie.

Wat wel noodsaaklik is, en wat onontbeerlik is vir die groei en opbou van die kerk, is die gawe van profesie. Profesie beteken hier die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus.

Ons ingesteldheid moet wees om daarna uit te sien en van voorneme te wees om profesie as 'n gawe van die Gees in die kerk te beoefen. Elke gelowige word hiermee aangespreek, want ons is almal profete, priesters en konings. In hierdie gedeelte word dit duidelik dat die gawe van profesie ook konkretiseer en realiseer in die diens van die Woord, oftewel die prediking.

Die diens van die Woord is alleen moontlik deurdat die Gees dit moontlik maak, en so deur die diens van die Woord in en aan die kerk word die kerk gebou. Dis soos verstaanbare musiek met pragtige melodieë, en soos 'n basuingeklank wat ons oproep tot die stryd teen die ongeloof en die bose in die wêreld (vs 7-8).

Sing: Psalm 68-1:1

Prof. A le R du Plooy (Dries) (emeritus)